***Die getuienis van Floran***

**161** Ons kom nou stadig by die vyftig aangestap, waar hulle dadelik so diep as moontlik voor ons buig. Ek sê vir hulle om soos manne regop te staan, wat hulle dadelik doen.

[2] En **Ek** vra aan hulle: "Glo julle dat Ek die Een is waaroor alle profete geprofeteer het?"

[3] **Almal** sê: "Meester, daar twyfel nie één van ons aan nie. Maar as U die Een is, waarom vra U dit dan vir ons, terwyl U tog ons geheimste gedagtes ken nog voor ons kan begin om te dink?"

[4] **Ek** sê: "Laat geeneen van julle daaroor aanstoot aan My neem nie, want dit gaan hier nie oor dit wat My natuurlik al van ewigheid af bekend is nie, maar oor dit wat julle nou sê! Julle kan My nie vroeër in julle opneem, as wanneer dit wat in julle sit, ook na buite kom nie!

[5] Julle kan My wel met julle oë sien en My stem met julle ore hoor, maar julle hart kan My dan nog nie in gees en waarheid hoor en verstaan nie! En daarom stel Ek `n vraag aan julle, en die antwoord wat julle My gee, het `n heel ander uitwerking op julle hele lewe, as `n antwoord wat julle aan een van julle eie mense sou gee.

[6] Daarom vra Ek julle nou nog `n keer of julle wel heeltemal sonder om te twyfel glo dat Ek die Een is waarvan Moses en die profete geprofeteer het! Sê nou sonder vrees wat julle in julle harte daarvan dink!"

[7] **Floran** sê: "Meester, U verstaan ons aard beter as ons! Dit het alles so plotseling gebeur, soos gister se nason en haar skielike verdwyning. Die gevolge walm nog en die hele omgewing is in rook gehul. Ons het verliese, - ons het nog geen berig van lewe van ons vroue en kinders gekry nie! Ons het hierheen gevlug, is bygedam en voor die gereg gebring. Toe die wonders van die engel en nou U Self, - en dit alles binne agtien uur! Dit is werklik geen grap nie, en daaroor kan jy tog nie somaar net oorstap nie!

[8] Dit kom vir myself, en ook sekerlik al my metgeselle, voor soos `n droom! Dit is `n volkome realiteit, en nooit kan alles wat hier gebeur het, ontken word nie. Maar daar het hier in `n kort tyd soveel buitengewone dinge gebeur, dat dit nie op één slag verwerk kan word nie. Ons glo sonder twyfel alles wat hier is en gebeur het, en dat U die Messias is waaroor alle profete geprofeteer het, dit is net so seker as die feit dat die ou Romein opperstadhouer is oor heel Asië, tenminste vir sover dit deur die Romeine verower is. Maar voordat alles tot ons deurgedring het, sal dit nog wel `n tyd duur!

[9] Met één slag kap `n mens geen boom om nie, en ons kan dit alles nie heeltemal op één slag verwerk nie. Maar ons sal verseker alle moeite doen om alles wat hier, veral wat ter wille van ons gebeur het, en wat ons beleef het, beslis volledig tot ons te laat deurdring! Iets aangrypender en meer verhewe kon geen mens op hierdie aarde belewe het nie!

[10] Dus, ons glo almal vas en verseker dat U die beloofde Messias is ondanks U, volgens aardse norme, baie onaansienlike stamboom, wat min of meer aan ons bekend is. U aardse ouers is arm en U vader was, na ons wete, `n timmerman uit Nasaret. Die afkoms van U moeder ken ons nie, en daarom is dit des te meer buitengewoon dat `n Redder, wat reeds aan die eerste mens van hierdie aarde voorspel was, onder sulke buitengewoon nederige en armoedige omstandighede in hierdie wêreld moes kom, terwyl Hy geestelik tog al in ewigheid alle voordele van `n moontlike, vorstelike geboorte ten dienste gestaan het.

[11] As U uit die skoot van `n keiserin in die wêreld gekom het, en dan hierdie tekens sou doen, watter volk op hierdie aarde sou hom dan nie heeltemal aan U onderwerp het nie!? Maar om as eerste en grootste mens, ja as die enige Elohim Self so nederig in `n mensedaante in die wêreld te kom, is iets wat vele baie ergernis sal gee! Vir ons maak dit natuurlik niks meer saak nie, en ons het vrede daarmee, maar alle mense sal nie so dink soos ons nou nie, - veral nie die trotses uit Jerusalem nie, en nog minder die uit die tempel! Want vir hulle ken ons! Hulle ken op die wêreld maar één mens wat hulle liefhet en hoogag - al die ander is vuil - en die mens is sonder uitsondering vir elke tempeldienaar - hyself! Hy alleen word deur elkeen van hulle bo alles liefgekry en geag, elke ander, al sou hy ook `n God wees, ontsettend verag. Slegs `n buitengewone, uiterlike prag kan hulle soms nog ietwat imponeer.

[12] As U, o Meester, vandag na Jerusalem sou gaan en dit sou bekendmaak, dood hulle binne drie dae U liggaam. Hulle kan weliswaar mekaar se bloed goed drink, maar omdat hulle mekaar almal gebruik om hul eie selfsugtige doel te bereik, duld hulle mekaar onder die vermomming van gehuigelde vriendskap.

[13] Hulle vertrou mekaar slegs sover hulle mekaar sien, maar tog huigel hulle sodat hulle mekaar onvoorwaardelik glo. As hulle mekaar vir een of ander saak nodig mag hê, verlang hulle van die ander `n reeks borgtogte om hulle te verplig om eerlik te handel. Maar selfs die borgtogte maak geen sin nie! As diegene wat die saak moet afhandel, by die doen van sake kans sien om meer te verdien as die gegewe borgtogbedrag, dan laat hy die borgtog rustig vaar, en steek hy die groter voordeel baie eenvoudig in sy eie sak.

[14] Mense sou ek baie daaroor kan vertel, maar omdat U, o Meester, tog al alles weet, sou elke verdere woord uit my mond ydel en dwaas wees, en ek sê vir U dat ons ook daarom volkome in U glo. Want U moes kom om aan alle oneerlike gruwels vir altyd `n einde te maak."

***Die weë van die goddelike leiding***

**162** **Ek** sê: "Luister, beste Floran, jy het jou innerlik al baie meer voor My blootgelê as wat Ek van jou verlang het. Maar dit maak nie saak nie, en dit was goed so!

[2] Ja, Ek sal aan die gruwels in Jerusalem en op ander plekke `n einde maak, maar dan moet vele net so daaroor dink soos jy! Dan is daar nog altyd baie wat in hul groot blindheid nog baie erg aan die tempel hang, en alle verlossing en alle hulp daarvandaan verwag. As `n mens hierdie blindes van vandag more die tempel sou ontneem, sou hulle dit nie sien as `n seën van bo nie, maar as `n verskriklike oordeel, en daardeur in `n vreeslike, wilde vertwyfeling raak, wat dan `n baie erger nasleep sou hê as hul teenswoordige, ontsettende blindheid. Die volk beskou julle nou as verteenwoordigers van die tempel, en hulle sien julle as die uitdelers van die verlossing, waarvan die tempel vervul is.

[3] Wat wil Ek julle nou hiermee sê? Niks anders nie as: Julle moet die volk langsaam maar seker en, as die geleentheid gunstig is, ook ietwat vinniger wys wat die tempel nou is, wat sy dienaars doen, en hoe hul onderlinge geaardheid is!

[4] Maar daarnaas moet julle die aandag van die volk veral rig op wat julle hier gehoor en gesien het, dan sal die bedenklike gedrag van die tempel daardeur, en die tempel self op die beste en doeltreffendste wyse totaal ondermyn word, en dit sal dan heeltemal in die niet verdwyn, en so ophou om te wees wat hy is. En in sy plek sal die nuwe tempels van Elohim se gees kom, waaruit `n heeltemal nuwe Jerusalem in die hemele gebou sal word.

[5] Dié goeie werk moet julle natuurlik so ongemerk moontlik doen. Dit kan julle des te makliker doen omdat julle nou geheel en al Romeinse burgers geword het, en die tempel sal julle nie kan bykom nie, omdat die swaard van Rome tussen julle en die tempel staan en waak.

[6] Dit is dus al een taak wat Ek aan julle opdra. Voer dit uit, en die loon sal nie wegbly nie, daarvan kan julle volkome seker van wees! - Is julle eens daarmee?"

[7] **Stahar** sê: "Meester, moet ons ons ou plek in Caesarea Philippi weer inneem, of moet ons na `n ander plek gaan?"

[8] **Ek** sê: "Julle moet hier in Caesarea Philippi bly, en onder die leiding staan van ons gasheer Markus, waaraan Cyrenius en Ek die mag oor hierdie hele omgewing sal verleen, en wat dit grotendeels eintlik al het. Die distrik van Caesarea Philippi is groot en bevat baie honderde duisende mense. Wanneer hulle eenmaal voorligting sal kry, sal die lig hom vanself verder uitbrei. Maar dit sal van julle wysheid afhang, om dit gedoen te kry!"

[9] **Stahar** sê: "Meester, dit is alles baie goed en wel, maar nou is die hele stad nog `n puin- en ashoop! Ons het geen huise nie, en ons sinagoge was een van die eerste geboue wat die vlamme ten prooi geval het. Waar sal ons gaan woon?"

[10] **Ek** sê: "Laat dit julle minste sorg wees! As Ek dit wil, kan daar in `n oomblik `n kant en klare wêreld vir julle daar staan, laat staan nog so `n ou stadjie! Origens sal Cyrenius, ondersteun deur My barmhartigheid, wel alles aan die werk stel, en dus ook vir julle onderhoud sorg. Bowendien sal die hoë gaste wat ons al sedert vanmore verwag, nou weldra hier aankom, en dan sal daar nog baie bespreek en besluit word".

[11] **Stahar** buig hom baie diep en sê daarna met gedempte stem aan Floran: "Die Almagtige praat net soos `n mens en dit geval my baie, maar Hy sou die tempel en die oormoedige Jerusalem tog met één enkele gedagte vir ewig kon uitskakel! Waarom die langsame ondermyning?"

[12] **Floran** sê: "Kyk, broer, dit gebeur omdat ons beide so goed nou verbonde is aan die geslag van die esels, wat van die goddelike orde nog lank geen kaas geniet het nie!

[13] As jy in die voorjaar nog baie groen, onryp en klipharde vrugte sien hang, sou jy graag dadelik `n bietjie almag wou hê! Dan sou jy kon sê: “Fiat!” (Het geskied), en alle vye, appels, pere, pruime en druiwe, sal dan oombliklik ryp moet wees! Maar die almagtige Skepper het dit baie anders gereël, wat die daaglikse en jaarlikse ervaring ons laat sien. Moet ons dan soms ook daarby vra: 'Die Almagtige ken tog die behoeftes van die mense, waarom wag Hy dan so lank met die rypword van die vrugte?”

[14] Ook moet `n mens jare lank eers `n onvolwasse, dus `n dom kind bly, om dan geleidelik groot te word tot `n mens, terwyl die muis veertien dae na sy geboorte al `n heel volwasse muis is en baie goed tuis is in sy lugtige huishouding. Ja, die meeste diere is dadelik by die geboorte al uitstekend toegerus vir hul huishouding, - en die mens het wel twintig jaar nodig om hom `n bietjie in die goeie wêreld tuis te laat voel! Hy, die kroon van die skepping, moet die langste wag, om dit te wees waarvoor hy bestem is! Sou hy dan nie ook kan sê: “Meester, Almagtige, waarom het U nou juis vir die mens, U liefling, nie beter gesorg nie, - waarom moet nou juis die opgroeiende mens so lank wag totdat hy mens is?!”

[15] Kyk, so gebeur reeds in Elohim se orde, dit wat vir ons nou sekerlik nog baie onverstaanbaar voorkom, en daarom sal dit wel op ooreenkomstige wyse in Sy orde tuishoort as ons die tempel net geleidelik sal ondergrawe. Want `n plotselinge verwoesting sou die vele blindes, vir wie die tempel nog altyd alles in alles is, in die grootste vertwyfeling stort, - wat baie erger sou wees as om die bedrog van sy boosaardige dienaars nog `n tydlank te duld!

[16] Weet jy, ek het wat dit betref, die wil van die Meester baie goed herken en ek verstaan nie dat dit jou so heeltemal ontgaan het nie! Ek verstaan ook nie dat jy die Meester durf vra na ons wêreldse onderhoud nie! Is dit dan nie voldoende as Hy sê dat ons die bepaalde dinge moet doen nie?! Dit is tog van oudsher bekend dat diegene wat werk aan my opdra, my ook sal onderhou! As selfsugtige mense dit al doen, hoeveel te meer sal die Meester van hemel en aarde dit doen, sonder dat ons Hom daarom hoef te vra!

[17] Sien jy, dit was wel baie menslik van jou, beste broer! Want deur so `n vraag het jy `n duidelike blyke gegee van jou nog steeds veelsydige ongeloof, en met reg kan daar by jou nie anders veronderstel word as dat jy nog `n groot mate van ongeloof besit nie, wat jy nou vir eens en altyd sal moet afsweer!"